Wat is die Gebed?

Op bogenoemde vraag is geantwoord: Die gebed is die asemtog van die siel. Iemand het tereg hierop gereageer met die opmerking: Wat is goedkoper as 'n asemtog en wat is duurder as 'n gebed? Wat is makliker as om asem te haal en wat is moeiliker as om te bid?

Dikwels word die klag gehoor: Dit help nie om te bid nie. Jy vra, maar daar kom nie 'n antwoord nie. Jy smeek om hulp, maar niks verander nie. Jy soek lig, maar dit bly donker. Jy roep tot God, en jou situasie word net moeiliker.

Daar het 'n boek verskyn met die titel: *Bidden wordt moeilijker*. Die skrywer wys in hierdie boek op 'n veranderde bidkultuur. Vroeër is in gereformeerde huise drie keer per dag by elke maaltyd twee keer gebid. Dan was daar in baie gevalle 'n oggend- en 'n aandgebed. Vergaderings is met gebed geopen en met gebed afgesluit. Daar was 'n bepaalde bidkultuur wat soms gemaak het dat die gebed slegs 'n formaliteit was.

Ons wêreld het verander. Al die groot veranderings op byna alle terreine van die lewe het 'n invloed op die gebed. Dit het vir baie mense moeiliker geword om te bid. Daar is heelwat dinge wat aanleiding gee tot gebedsprobleme:

- In die eerste plek is daar 'n veranderde Godsbeeld. Baie vra: Is God wel almagtig? Teoloë beweer: God is nie almagtig nie. Hy is alleen maar heilsmagtig. Hy kan jou red, maar verder kan jy niks van Hom verwag nie.

- 'n Ander sê weer: Jy bid, maar daar verander niks aan jou situasie nie. Ons lewe is vasgevang in 'n wetmatigheid waar God ook niks aan kan verander nie. Ek kan nie agterkom dat God dinge verander nie.

- Dan lyk dit of in bepaalde gevalle die gebed oorbodig geword het. Die moderne wetenskap en tegnologie het gemaak dat ons heelwat probleme self kan oplos. Daar is die mediese wetenskap wat baie siektes kan genees. God se hulp is nie meer nodig nie, tensy jy nog bid dat Hy die medisyne en die mediese behandeling wil seën. Maar baie beskou so 'n gebed as oorbodig.

Op die vraag wat gebed is, kan geantwoord word: Die gebed is 'n gawe en tegelyk 'n opgawe.

- Die gebed is 'n wonderlike gawe van God. Hy, ons Skepper en Vader, wil met ons kommunikeer. Hy praat met ons deur sy Woord. Die gebed is daarop die antwoord. God begin die gesprek. Hy is altyd die Eerste. Maar dit is ook Hy wat die antwoord op sy spreke ontlok by 'n mens. Dit is die werk van die Heilige Gees. Waar die Gees van God die geloof in die hart werk, daar word gebid. Gebed is die eerste vrug van geloof. Kyk maar by Paulus. Van hom word gesê: "*Want kyk, hy bid*" (Handelinge 9:11).

- Die gebed is 'n gesprek, 'n gesprek met die almagtige God. Wie bid, tree binne in God se heilige teenwoordigheid en mag met God praat. Gebed is 'n kommunikasiemiddel. 'n Nietige mens beoefen gemeenskap met die almagtige God. So is die gebed 'n skakel tussen aarde en hemel.

Waarom is die gebed noodsaaklik? Daar is twee redes:

- Gebed bring my in gemeenskap met God.
- Gebed bring God ook in gemeenskap met my.

Die apostel Paulus gee in sy brief aan die Efesiërs 'n aangrypende uitbeelding van die gebed. Hy skrywe in 2:18:

"Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader."

In hierdie uitspraak van die apostel kom aan die lig dat die drie-enige God betrokke is by ons gebede: deur Hom (dit is Christus), die Gees en die Vader.

Paulus noem die gebed 'n toegang. Die woord "toegang" is in daardie tyd gebruik in verband met die paleis van 'n Oosterse vors. Die woord het dan die betekenis van "oudiënsie" of amptelike ontvangs deur 'n koning. Die troonkamer van 'n Oosterse vors kon jy nie sommer binnegaan nie. Maar daar was altyd 'n hoë amptenaar wat jou by die koning introduseer. Hy staan by die ingang. Hy verneem wie jy is en dan vat hy jou aan die hand en hy stap saam met jou tot by die troon van die vors.

Kyk, sê Paulus, wat die hoë amptenaar doen in die paleis, dit doen die Heilige Gees as jy tot God wil nader. Hy is die Gees van die gebed. Hy vat jou aan die hand, hy gee jou die vrymoedigheid om te bid. Hy bring ons tot die Vader wat sit op die troon van die heelal. En Hy doen dit deur Hom, dit is deur Christus, op grond van sy heilswerk.

- Die Gees wys ons op ons sondes.
- Maar Hy wys ons ook op Christus.
- Hy wys ons op God se beloftes. So ontvang ons vrymoedigheid om tot 'n heilige God in sy hemelse troonsaal te nader.

Tog bly die gebed as opgawe dikwels maar moeilik. Ons weet nie om te bid soos dit behoort nie. Die dissipels van Jesus het reeds hulle gebedsprobleme gehad. Hulle kom in die gebed met hulle gebedsprobleme by Jesus. Hulle ontvang dan van Jesus 'n deur Hom geformuleerde gebed wat in sy uniekheid as voorbeeld, as patroon mag dien waarvolgens ons ons gebede mag inrig.

Om te bid, is om naby God te wees. Om naby God te wees, is vir my goed (Psalm 73:28).

L Floor

© 2014
www.christelikemedia.org